

## ***tippet 100***

**Ons hou van woorde soos "bo uitkom", "klim die leer van sukses" en die "beste." Daar is nie fout hiermee nie.**

**Maar hierdie tyd van die kerkjaar – lydenstyd – sit ook ander woorde op ons tafel: "gee," "omgee", "weggee" en "ter wille van 'n ander."**

**Dis die voorbeeld van Jesus. En ten minste moet ons dit hoor – maar wat as ons iets hiervan deel van ons lewens maak? Sal ons beter wees met verhoudings? Of anders optree by ons werk? Sal ons dalk selfs gelukkiger wees?**

**Die beste is: God bedoel dit goed met ons as Hy ons hierdie woorde leer.**

**Francois Retief**

**5 Maart 2018**